

Hoofstuk van die dag: Spreuke 10

> *Dit is die seën van die Here wat rykdom bring; jou geswoeg laat dit nie meer word nie. (vers 22)*

Liewe Jemen
Ek is verskriklik jammer om van julle groot verlies te hoor.

’n Hele vloot vol kosbare handelsware tot niet! Nadat ek jou brief gekry het, het ek navraag gedoen, en jy is reg: dit wás Omar se werk. Ek hoor hy het ’n bende deugniete gehuur om julle vloot aan die brand te steek.
Jy sê dit het julle finansieel geruïneer, en ek glo dit ook. Dit sal jare se harde werk en toewyding neem om van dié terugslag te herstel. Met die Here se seën sál dit gebeur.
Ek kan jou nie eintlik troos nie, behalwe om te sê dat rykdom en geld tog op die ou end nie alles is nie. By God maak dit in elk geval geen snars verskil of jy nou skatryk of brandarm is nie. Hy het ons almal gemaak, en so het Hy ons almal lief.
Ek dink nogal dat dit baie help as ’n mens se perspektief oor jou geld en jou goed reg is. Rehabeam se dinge het my gedwing om weer oor die sin en betekenis van alles na te dink. Ek was self skuldig daaraan dat ek só besig was om skatte bymekaar te maak, dat ek my sin vir waardes verloor het. En in die proses het ek so byna-byna my eie kind ook verloor. Maar dank die Here, hy is terug! Hy het gister doodluiters hier in die stad opgedaag. Toe hy my kom groet het, was sy woorde: “Ek het nooit besef dat ek Pa so sal mis nie.” Is dit nie die mooiste woorde wat ’n mens ooit kan hoor nie? Dís mos nou rykdom!
Ek bid dat die Here julle sal vashou in julle beproewing, en dat julle opnuut julle rykdom in mekaar sal ontdek.
Salomo ben Dawid

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026